MAANDELIKSE MARK VERSLAG OKTOBER 2016

BELEGGINGS • AFTREEBEPLANNING • BUITELANDSE BELEGGINGS
BELASTINGBEPLANNING • BOEDELBEPLANNING • LEWENSVERSEKERING

DIE KRAG VAN ONAFHANKLIKE ADVIES

INTERNASIONALE MARKTE

MARKTE ONDER DRUK

Internasionale markte was in September onder druk en in die VSA het die S&P500 Indeks die maand 0.1% laer as Augustus afgesluit terwyl die Dow Jones Nywherheidsgemiddeld die maand 0.5% in die rooi afgesluit het. Die Nasdaq Saamgestelde Indeks was 1.7% hoër as Augustus. Die FTSE 100 Indeks was 1.7% hoër as aan die einde van Augustus, die DAX was 0.8% laer. Die CAC was effens op en was aan die einde van September 0.2% hoër as einde Augustus.

China se Shanghai Saamgestelde Indeks het grootliks die stygings van Augustus uitgewis en het September 2.6% laer afgesluit. Die Hang Seng was vir die maand 1.5% hoër as Augustus. In Japan was die Nikkei 2.6% laer teenoor die vorige maand danksy swakker as verwagte verbruiks- en inflasiedata en voortgesette druk op die Bank van Japan om monetêre beleid te verslap.

Ekonomiese data wat in die VSA vrygestel is het die Amerikaanse Fed laat besluit om Amerikaanse rentekoerse onveranderd te hou. Die vorige rentekoersverhoging was in Desember 2015, die eerste in byna 'n dekade.

Kommer oor die algemene stand van ekonomiese sake wêreldwyd is in die aanloop van vergaderings van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en Wêreldbank, wat in Oktober plaasvind, uitgespreek. Bloomberg het berig dat stagnerende lone en krimpende werksekuriteit die moontlikheid van onrus versterk wat die reeds sukkelende wêreldekonomie erg kan knou. Die Besturende Direkteur van die IMF, Christine Lagarde, het die internasionale ekonomie as 'swak en kwesbaar' beskryf.

"Die internasionale ekonomie is amper soos 'n motor sonder enige bestuurder wat in die stadige baan vassit. Almal voel dat alles nie pluis is nie maar hulle is senuweeagtig wat niemand is seker wie is in beheer nie," was die kommentaar van David Stockton, voorheen 'n amptenaar by die Fed en nou hoofekonoom van LH Meyer Inc raadgewers.

Bronne:
Anchor Capital, Bloomberg, Business Day, Stanlib

KAAPSTAD SEMINAAR: 20 OKTOBER 2016

BUITELANDSE BATES – MOET EK VERKLAAR OF NIE?

TYD: 16:00 tot 18:00
PLEK: Westin Hotel Kaapstad, Konferensieplein, Laer Langstraat
INLIGTING: Daleen 011 799 8100 of pr@brenthurstwealth.co.za
SPREKERS: Magnus Heystek **(BRENTHURST WEALTH)**
Charles van Staden (**HOGAN LOVELLS)**

OM TE BESPREEK KLIK HIER: http://goo.gl/R5BsQY

Brenthurst Wealth Management (PTY) LTD FSP No. 7833

PLAASLIKE MARKTE

ONSEKERHEID DUUR VOORT MAAR GELDEENHEID VERBETER

Die rand het volgens Deutsche Bank beter gevaar in September en het met 7.4% teen die dollar verstewig, was 8.5% sterker teen die pond en 6.6% sterker teen die euro. Die plaaslike media het in September berig dat die graderingsagentskap Moody's ná 'n onlangse besoek aan Suid-Afrika aangedui dat die waarskylikheid van 'n afgradering nie tans betekenisvol sterker is nie. Die agentskap het wel benadruk dat hy van die regering verwag om beloftes van beleidshervoming en fiskale beheer, beter aanpasbaarheid betreffende arbeidsake en die hervorming van Staatsbeheerde maatskappye na te kom. As dit nie gebeur nie kan hy sy besluit of oordeel soos verlede maand aangedui, verander.

Ekonomiese data wat vrygestel is was beter as wat verwag is en het kommer dat SA 'n tegniese resessie (twee agtereenvolgende tydperke van ekonomiese verswakking) sal beleef, ietwat verlig. Bloomberg het berig dat die ekonomiese groei van 3.3% vir die kwartaal die beste vir SA was sedert 2014. Jaar op jaar is die ekonomiese groeikoers 'n skrale 0.6%. Die verbruikersprysindeks (VPI) was in Augustus 5.9% en die SA Reserwebank het besluit om die rentekoers onveranderd te hou op 7%. Die Reserwebank het ook sy groeiverwagtinge vir SA vir die jaar opwaarts aangepas na 0.4% teenoor die vorige 0%. Handelsdata was geen goeie nuus nie en het getoon dat die handelsbalans van 'n oorskot van R5 miljard in Julie, in Augustus na 'n tekort van R8.6 miljard agteruitgegaan het.

Die JSE het die maand laer afgesluit danksy voortslepende kommer betreffende die posisie van die Minister van Finansies Pravin Gordhan en onsekerheid oor die rigting van rentekoerse in Amerika. Die Indeks van Alle Aandele het die maand 1.5% laer as in Augustus afgesluit (jaar tot datum op met 2.5%). Na dit moeilike verhandelingsyfers in Augustus beleef het, het finansiële aandele effens beter gevaar en die maand 0.4% hoër as Augustus afgesluit (jaar tot datum -3.3%). Hoër kommoditeitspryse het hulpbron-aandele gesteun en die Resi-10 het die maand 4.4% beter as September afgesluit (vir die jaar tot datum is die indeks 27.8% hoër). Impala Platinum was die aandeel wat in September die beste vertoning aangeteken en het met 23.1% teenoor Augustus gestyg. EOH Holdings was in die tweede plek en het die maand op +16.6% teenoor Augustus afgesluit.

Die aandeel wat die swakste gevaar het was kleinhandelaar Mr Price Group ná die maatskappy in Augustus swakker handelsyfers bekend gemaak het. Die maatskappy het in 'n verklaring gesê daar het 'n verskuiwing in verbruiksbesteding plaasgevind en dat hoër werkloosheid en swak ekonomiese groei verbruikersvertroue en besteding knou.

Daar was 'n sweem van hartseer toe die JSE vir SAB totsiens gesê het. Dit was die eerste nywerheidsmaatskappy wat so lank terug as 1897 op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is. Nou, byna 120 jaar later, gaan dit van die JSE verdwyn aangesien dit deur AB Inbev ingesluk gaan word nadat daardie maatskappy se verkryging van SAB Miller - ter waarde van £79 miljard – deur aandeelhouers aanvaar is. Business Day het in redaksionele kommentaar hieroor geskryf en gesê Suid-Afrikaners het waarskynlik die name van die meeste ander nywerheidsmaatskappye wat so lank terug genoteer is vergeet, maar dat SAB korporatiewe sterstatus behaal het met sy gewilde handelsmerke soos Castle Lager. SAB het sedert die jare 50 'n oorheersende posisie beklee en van sy mededingers oorgeneem. Die maatskappy het vinnig werk gemaak van uitbreiding na verskeie ander lande na handelsbeperkings in die jare 90 vir SA begin verbeter het.

Die moeilike handelstoestande vir die motorbedryf duur voort. Business Day berig dat groot dalings in September aangeteken is. Die verkope van nuwe voertuie was 14.3% laer op 47 399 eenhede vergeleke met September verlede jaar. Die verkope van nuwe passasiersvoertuie was in September 14.4% laer en het tot die daling van 12.4% vir die jaar bygedra. Die syfers vir September toon dat die dalings spoed opgetel het – in Augustus was die syfers 13.1% laer teenoor dieselfde maand in 2015.

Syfers vir vervaardiging wys dat dié sektor geen noemenswaardige bydrae tot ekonomiese groei lewer nie. Die Barclays Aankopersindeks het in September met 3.2 punte gestyg maar is op 49.5 punte vir die tweede agtereenvolgende maand steeds onder 50. 'n Lesing van minder as 50 dui op 'n verlangsaming in aktiwiteit. Vervaardigers hoop vir een of ander steun van die Minister van Finansies wanneer die tussentydse begroting in Oktober bekend gemaak word.

BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH

JOHANNESBURG (FOURWAYS)
Tel: +27 (0) 11 799 8100
Fax: +27 (0) 11 799 8101
Unit 2B, Cedar Office Estate, Cedar Road, Fourways, SA
PO Box 10150, Fourways East, 2055, Gauteng, SA

JOHANNESBURG (SANDTON)
Tel: +27 (0) 10 035 1391
Fax: +27 (0) 86 775 7089
The Business Exchange, Block 4, 150 Rivonia Road, Sandton, Gauteng, SA
PO Box 10150, Fourways East, 2055, Gauteng, SA

PRETORIA (ERASMUSKLOOF)
Tel: +27 (0) 12 347 8240
Fax: +27 (0) 12 347 0601
494A Lois Avenue, Erasmuskloof X3, Pretoria, SA
PO Box 32593, Waverley, Pretoria, 0135, SA

CAPE TOWN (DE WATERKANT)
Tel: +27 (0) 21 418 1236
Fax: +27 (0) 21 418 1304
29 Chiappini Street, De Waterkant, Cape Town, 8001, SA
Postnet Suite 275, P/Bag X22, Tygervalley, 7536, Cape Town, SA

BELLVILLE (TYGERVALLEY)
Tel: +27 (0) 21 914 9646
Fax: +27 (0) 21 914 6515
Tyger Waterfront Terraces Block 2 Carl Cronje Drive, Bellville, SA
Postnet Suite 275, P/Bag X22, Tygervalley, 7536, Cape Town, SA